DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN INFRASTRUKTUUR

NO. 1287 **04 DESEMBER 2020**

KENNISGEWING VAN ONTEIENING INGEVOLGE ARTIKEL 7(1) VAN DIE ONTEIENINGSWET, 63 VAN 1975 ("DIE ONTEIENINGSWET")

AANGESIEN DIE MINISTER VAN OPENBARE WERKE ("DIE MINISTER") OP 30 SEPTEMBER 2016 'n aansoek ingevolge artikel 26 van die Electricity Regulation Act, 4 van 2006 ("die Electricity Act"), deur Eskom Holdings SOC Limited ("Eskom"), gelees met artikel 2 van die Onteieningswet gelees met artikel 25(1) van die Grondwet, vir die onteiening van sekere serwitute ("die grondregte"), waarvan die totale grootte duideliker blyk uit SG-diagram 1232/2014 gedateer 21 Januarie 2015 ("die SG-diagram") en in hierdie kennisgewing beskryf, oor die grond wat deel is van die plaas Nooitgedacht nommer 664, in die Sondagsriviervallei Plaaslike Munisipaliteit, Afdeling Uitenhage, gehou kragtens Transportakte nommer P27811/2014 (nou beskryf as Transportakte Nommer T27811/2014CTN) en groot 249.3714 hektaar ("die eiendom"), besit deur Staufen Investments (Pty) Ltd ("die maatskappy"), met registrasienommer 2001/026710/07, goedgekeur het;

EN AANGESIEN OP 25 SEPTEMBER 2018 Die Hooggeregshof (Oos-Kaapse Plaaslike Afdeling, Port Elizabeth) onder saaknommer 756/2017 die maatskappy se aansoek afgewys het om die Minister se besluit om Eskom se aansoek goed te keur, te hersien en ter syde te stel;